Die Son

6 MAART 2009

'Kerkvrou' in hof vir bedrog

MELVIN WHITEBOOI

ANNE Jacobs, eks-werkgewer van die Ou Apostoliese Kerk (OAK) in die Wes-Kaap, het Dinsdagoggend in die Bellville-streekhof verskyn op 'n klag van bedrog.

Sy is op borgtog vrygelaat en die saak is uitgestel vir verdere ondersoek.

Jacobs is verlede week gearresteer.

Die OAK het reeds in 2006 'n saak teen Jacobs gemaak, maar dit het doodgeloop. Nadat die Apostolaat met 'n voorlopige ondersoek teen apostel Michiel van Tonder besig was, is die saak van Anne Jacobs tydens die saak opgehaal en was die OAK verplig om weer die saak aanhangig te maak.

Apostolaat

Honderde duisende rande word na bewering vermis.

Al die apostels in Suid-Afrika vergader vandeesmaand om die kerk se probleme in die Wes-Kaap te ondersoek.

Intussen het die kerk 'n Mercedes Benz van R470 000 kontant vir Van Tonder gekoop kort nadat hy die eerste keer in Februarie verlede jaar voor die apostolaat verskyn het.

Die Apostolaat se prokureurs het intussen ook aan eks-priester Grahame Trimm 'n kennisgewing van verdediging namens Van Tonder gestuur. Dis in reaksie op Trimm se klag van rasse-diskriminasie teen Van Tonder.